# 'N HISTORIES-PRINSIPIËLE BEHANDELING VAN DIE KLEUTERSKOOL VIR BLANKE KINDERS IN SUID-AFRIKA.

DEUR

DOUW GERBRAND POTGIETER, B.A., B.Ed.

++++++++++

Voorgelê ter nakoming van 'n deel van die
vereistes vir die graad Magister Educationis
in die Fakulteit van Opvoedkunde, Potchefstroomse
Universiteit vir C.H.O., Desember 1962.

++++++++++

PROMOTOR : Prof. H.J.J. Bingle, M.Ed., D.Phil(S.A.)

++++++++++

# VOORWOORD.

Langs hierdie weg betuig die ondersoeker graag sy opregte dank teenoor:

1. die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, van wie 'n ad hoc-toekenning van Tweehonderd Rand ontvang is en waardeur hierdie ondersoek in 'n groot mate moontlik gemaak is;

2. die Onderwysowerhede van al vier provinsies, die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap, die Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika , die Kaaplandse Vereniging vir Kleuteropvoeding en die South African Board of Jewish Education, die hoofde van die opleidingskolleges te Barklyhuis en Johannesburg en die Stadsrade van Johannesburg en Pretoria vir al die inligting wat aan die ondersoeker verstrek is of stukke wat tot sy beskikking gestel is. Die ondersoeker is 'n besondere woord van dank verskuldig aan die Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat, wat by drie geleenthede aan hom volledige insae in alle stukke m.b.t. kleuterskole waaroor dié Departement beskik gegee het. Die vriendelikheid en hulpvaardigheid van mnre. M. van Rensburg en D. Jordaan (O.D.O.V.S.), M.D. Badenhorst (T.O.D.) en Birch (K.O.D.) word met waardering vermeld;

3. al die indiwiduele persone, versprei oor die hele land, wat so getrou die eerste vraelys beantwoord het en daarmee die ondersoeker in staat gestel het om 'n opname van kleuterskole in Suid-Afrika te maak wat nog nie voorheen gedoen is nie;

4. al die kleuterskole, wat hulle die moeite getroos het om die lywige vraelys wat aan hulle gestuur is te voltooi en, in baie gevalle, tesame met waardevolle bykomstige inligting terug te stuur;

5. prof. H.J.J. Bingle, deur wie se heldere insig, wetenskaplike leiding en simpatieke belangstelling die gees van die ondersoeker steeds verryk is en die voltooiing van hierdie ondersoek aansienlik vergemaklik is.

------oOo------

## INHOUDSOPGAWE.

Bladsy.

INLEIDING : 1. Doel van die ondersoek ....... vi.
2. Die veld van ondersoek nader bepaal ...................... vi.
3. Metodes van ondersoek ........ vi.
4. Tekortkominge in die ondersoek vii.

HOOFSTUK I : VOORLOPERS, VESTIGING EN UITBREIDING VAN DIE GEDAGTE VAN VOORSKOOLSE ONDERWYS. 1.

1. Voorskoolse onderwys onder die Kultuurvolkere ............................... 1.
2. Sporadiese pogings tot sistematisering van die voorskoolse onderwys .......... 3.
3. Die vestiging en uitbreiding van sisteem in die voorskoolse onderwys ...... 7.
4. Voorskoolse onderwys op internasionale vlak ................................ 22.
5. Samevattende gevolgtrekkings .......... 24.

HOOFSTUK II : DIE ONTWIKKELING VAN DIE KLEUTERSKOOLGEDAGTE IN SUID-AFRIKA. 28.

1. Die Infant School in Suid-Afrika ...... 28.
2. Enkele opmerkings oor die Kindergarten in Suid-Afrika ....................... 31.
3. Die ontstaan van die Kleuterskool in Suid-Afrika: 35.
a. Geboorte uit sosio-ekonomiese nood . 35.
b. Steun vanuit opvoedkundige oord en die koördinering van kragte ........ 37.
c. Die aanvang van provinsiale belangstelling in Transvaal .............. 40.
4. Die vestiging en uitbreiding van belangstelling in kleuteronderwys: 42.
a. Onderwyskommissieverslae ........... 42.
b. Die aandeel van die Onderwyshoofde . 50.
c. Die aandeel van die Unieregering ... 54.
d. Die rol en strewe van die kleuterskoolverenigings .................. 54.
e. Seksionele instansies en kleuterskole 73.
f. Nie-opvoedkundige liggame en kleuteronderwys ...................... 78.
g. Kleuteronderwys en die Departement van Onderwys , Kuns en Wetenskap ... 82.
h. Die opleiding van kleuterskoolonderwyseresse ...................... 85.
i. Die privaat kleuterskool in Suid-Afrika ........................... 95.

5. Die Ontwikkeling van Provinsiale Beleid, Beheer en Praktyk: 100.
a. Die vraagstuk van verantwoordelikheid ............................. 100.
b. Die ontwikkeling van provinsiale beheer .......................... 110.
c. Die ontwikkeling van provinsiale hulptoelaes ...................... 121.
d. Voedingtoelaes aan kleuterskole .... 124.
e. Toename in die getal provinsiaal gesubsideerde kleuterskole ......... 124.
f. Samevattende afleidinge ........... 129.

6. Die huidige omvang van kleuteronderwys in Suid-Afrika .................... 135.

7. Slotopmerkinge oor die ontwikkeling van die kleuterskool in Suid-Afrika .... 139.

HOOFSTUK III: TIPERING VAN DIE KLEUTERSKOOL VIR BLANKE KINDERS IN SUID-AFRIKA. 144.
1. Inleiding .............................. 144.
2. Die uitgangspunt ...................... 146.
3. Die doel .............................. 150.
4. Die inhoud :
a. Die aktiwiteitsprogram ............. 153.
b. Die medium of voertaal ............. 156.
c. Godsdiens in die kleuterskoolprogram 168.
5. Die metode ............................ 172.
6. Organisasie van die kleuterskool vir blankes in Suid-Afrika:
a. Inleiding .......................... 176.
b. Die uitwendige organisasie ......... 176.
c. Die inwendige organisasie .......... 191.
d. Die stelsel ........................ 212.
7. Samevattende tipering ................. 214.

HOOFSTUK IV : DIE KLEUTERSKOOL VIR BLANKE KINDERS IN SUID-AFRIKA IN BEGINSEL GESIEN. 216.
1. Enkele beginsels wat die opvoeding ten grondslag lê:
a. Lewensbeskouing en opvoeding ....... 216.
b. Die beginsel van ouerlike verantwoordelikheid .......................... 216.
c. Die nasionale beginsel in die opvoeding .......................... 222.
d. Die beginsel van die kindereis ..... 225.
e. Die beginsel van eenheid in die opvoeding .......................... 228.
2. Beoordeling van die kleuterskool in Suid-Afrika .......................... 229.
3. Enkele gedagtes oor 'n Christelik-Nasionale kleuterskool. 238.

BYLAE:
1. Eerste vraelys ........................ 242.
2. Vraelys aan kleuterskole .............. 243.

BIBLIOGRAFIE .............................. 247.

+++++++++++++

LYS VAN TABELLE:

I. Die ontwikkeling in hoofdelike subsidies in Transvaal .................... 122.
II. Toename in bedrae begroot (Transvaal). 122.
III. Ontwikkeling in hoofdelike subsidies in die Kaapprovinsie ................ 123.
IV. Die ontwikkeling van hoofdelike subsidies in Natal ........................ 123.
V. Bedrae bestee deur die Oranje-Vrystaat 124.
VI. Toename in die getal ondersteunde kleuterskole in Suid-Afrika .......... 125.
VII. Getal kleuters in ondersteunde kleuterskole .......................... 127.
VIII. Getal gekleurdes in ondersteunde kleuterskole .......................... 127.
IX. Die personeelposisie in gesubsideerde kleuterskole ...................... 128.

**LYS VAN TABELLE** (vervolg):


X. Gesistematiseerde opgawe van kleuterskole en -klasse in Suid-Afrika. 136.
XI. Ouderdomsverspreiding in 62 kleuterskole .................. 147.
XII. Wyse van groepering van kleuters .. 159.
XIII. Groepering van skole ooreenkomstig die persentasieverteenwoordiging van taalgroepe in 63 skole ........ 163.
XIV. Opgaaf van kleuterskole met godsdiens in hulle programme .......... 168.
XV. Samevattende tabel m.b.t. godsdiens in Joodse en nie-Joodse kleuterskole ............................ 170.
XVI. Stigtersliggame van 72 kleuterskole 177.
XVII. Indeling van 74 kleuterskole m.b.t. aard van geboue .................. 180.
XVIII. Wyse van samestelling van kleuterskoolbesture ...................... 184.
XIX. i) Personeelposisie in 75 ondersteunde kleuterskole ................ 191.
ii) Personeelposisie in 14 onafhanklike kleuterskole .............. 191.
XX. Kwalifikasies van onderwyseresse in 89 kleuterskole .................. 192.
XXI. Hulpdienste by 77 kleuterskole .... 194.
XXII. Groepering van 63 kleuterskole ooreenkomstig die oorwegende nasionaliteitsgroepe in dié skole .......... 202.
XXIII. Groepering van 84 kleuterskole ooreenkomstig die lengte van die skooldag ......................... 206.
XXIV. Groepering van 62 kleuterskole ooreenkomstig afstand tussen huis en skool ......................... 211.


**LYS VAN GRAFIEKE:**


1. Grafiese voorstelling van 23 kleuterskole se persentasie inskrywings uit Engelse, Joodse, Afrikaanse en „Ander" huise ......................... 160(a).
2. Grafiese voorstelling van 9 kleuterskole se persentasie inskrywings uit Engelse, Joodse en Afrikaanse huise. 160(b)
3. Grafiese voorstelling van 12 kleuterskole se persentasie inskrywings uit Engelse en Afrikaanse huise ........ 160(b)
4. Grafiese voorstelling van 5 kleuterskole se persentasie inskrywings uit Engelse en Joodse huise ............ 160(c)
5. Grafiese voorstelling van 8 kleuterskole se persentasie inskrywings uit Engelse, Afrikaanse en „Ander" huise 160(c)
6. Grafiese voorstelling van 6 kleuterskole se persentasie inskrywings uit Engelse, Joodse en „Ander" huise ... 160(d)


++++++++++

## LYS VAN BELANGRIKE AFKORTINGS.

A.C.V.V. : Afrikaanse Christelike Vrouevereniging.

A.T.K.V. : Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging.

D.O.K.W. : Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap.

F.A.K. : Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings.

H.N.S.A. : Hebrew Nursey School Association.

I.C.N.O. : Instituut vir Christelike Nasionale Onderwys.

K.O.D. : Kaaplandse Onderwysdepartement.

K.S.V. van S.A.(N.S.A. of S.A.): Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika (Nursery School Association of South Africa).

K.V.K. : Kaaplandse Vereniging vir Kleuteropvoeding.

N.O.D. : Natalse Onderwysdepartement.

O.D.O.V.S.: Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat.

O.V.V. : Oranje-Vrouevereniging.

S.A.B.J.E.: South African Board of Jewish Education.

S.A.O.U. : Suid-Afrikaanse Onderwysersunie.

S.A.V.F. : Suid-Afrikaanse Vrouefederasie.

T.O. : Transvaalse Onderwysersvereniging.

T.O.D. : Transvaalse Onderwysdepartement.

T.T.A. : Transvaal Teachers' Association.

T.V.K. : Transvaalse Vereniging vir Kleuteropvoeding.

U.K. van die K.S.V. van S.A.: Uitvoerende Komitee van die Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika.

U.O.D. : Unie-Onderwysdepartement.

------oOo------

# INLEIDING.

## 1. DOEL VAN DIE ONDERSOEK:

Uit die verslae van jaarvergaderinge en kongresse van veral die Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika en die Transvaalse Vereniging vir Kleuteropvoeding, die jaarverslae van die Direkteur van Onderwys van Transvaal en uit verskeie persberigte die afgelope twee-, drietal jare wil dit voorkom of die algemene belangstelling in kleuterskole en -onderwys die afgelope tyd opgeflikker het. In Afrikaans-Christelike kringe is hierdie tipe inrigting en onderwys egter nog nie hier te lande wetenskaplik nagevors nie.

Die doel van hierdie ondersoek is dan om die plek, omvang, wese en opvoedkundige implikasies van die Suid-Afrikaanse kleuterskool vir blanke kinders te probeer bepaal soos dit sig uit die ontstaan, ontwikkeling, teorie en praktyk daarvan geopenbaar het en nog openbaar en om dié verskynsel dan prinsipieel te sien en beoordeel in die lig van die Afrikaans-Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

## 2. DIE VELD VAN ONDERSOEK NADER BEPAAL:

Vooraf moet daarop gewys word dat die term „kleuteronderwys" nie die gewone „formele, skoolse onderwys" inhou nie, maar dat dit slegs die georganiseerde opvoeding van die kleuter, hetsy aanvullend of vervangend, buite die ouerhuis aandui.

Die doelstelling bring mee dat enigsins breed op die geskiedenis van die kleuterskool in Suid-Afrika ingegaan moet word. Ten einde te kom tot die onderskeiding van die grondstrominge wat die kleuterskoolgedagte en die ontwikkeling daarvan in wese gaan bepaal het en te kom tot die herkenning van daardie tendense wat hierdie inrigting kenmerkend onderskei van ander voorskoolse inrigtings, sal die kleuterskoolgedagte en -beweging noodwendig histories verder teruggespeur moet word as net die konkretisering daarvan hier te lande. Daar moet dan saaklik teruggegaan word tot die ontstaan van die eerste georganiseerde poginge i.v.m. die daarstelling van voorskoolse opvoeding buite die huis en die ontwikkeling van bepaalde tendense daaruit.

Daarna sal dit nodig wees om breedvoerig op die ontstaan en ontwikkeling van die kleuterskool in Suid-Afrika te let, die deurwerking van grondliggende invloede na te speur, die verskillende vorme waarin dit verskyn en die plek en omvang wat dit gaandeweg in die opvoeding en die onderwysstelsel van die volk gaan inneem het te bepaal.

Om enigsins tot 'n so omvattend moontlike tipering van die kleuterskool in sy verskyning te kom, moet die uitgangspunt, doel, inhoud, metode en organisasie daarvan aan die hand van kleuterskoolteorie en -praktyk hier te lande bepaal word.

Ten slotte sal dit nodig wees om op grond van die Afrikaans-Christelike lewensbeskouing vir die kleuterskool geldende beginsels neer te lê en die kleuterskool en kleuterskoolgedagte soos betoon in sy ontwikkeling en wesensverskyning te beoordeel. Die prinsipieel onaanvaarbare sal dan verwerp moet word en die prinsipieel houdbare in plaas daarvan gestel moet word.

## 3. METODES VAN ONDERSOEK:

Daar is hoofsaaklik van die metode van historiese navorsing en van die questionnaire in die ondersoek gebruik gemaak.

In die eerste proses van die historiese navorsing is allereers aan die hand van gepubliseerde sekondêre gegewens 'n agtergrondstudie van die ontstaan en ontwikkeling van die kleuterskoolgedagte gemaak.

Daarna is gegewens uit die volgende bronne versamel, beoordeel, waar moontlik met ooreenstemmende gegewens uit verskillende bronne geverifieer, in interpreteerbare en kronologiese verband georden en beskryf:

a) Referensieboeke, tydskrifartikels, pamflette, jaarboeke, verslae en amptelike publikasies;

b) ongepubliseerde gegewens verkry van of persoonlik nageslaan by die Provinsiale Onderwysdepartement, die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, die Departement van Volkswelsyn, die Kleuterskoolverenigings in Suid-Afrika, die South African Board of Jewish Education, die stadsrade van Johannesburg en Pretoria, die Buro van Sensus en Statistiek, die Kaapse Argief en ongepubliseerde verhandelinge;

c) onderhoude gevoer met amptenare in staats- en provinsiale departemente, bestuurslede van kleuterskoolverenigings en enkele kleuterskoolonderwyseresse;

d) antwoorde op vraelyste en bykomstige inligting daarmee saam of op versoek verstrek.

Vir die tipering van die kleuterskool hier te lande en veral vir die beskrywing van die organisasie daarvan, is die gegewens hoofsaaklik volgens die questionnaire-metode verkry. Twee soorte vraelyste is uitgestuur (Vgl. bylae 1 en 2).

Omdat geen amptelike totaalopgawe van alle tipes kleuterskole in Suid-Afrika bestaan nie, was die doel van die eerste vraelys (kyk bylae 1) slegs om so 'n verspreid en noukeurig moontlike opname te probeer maak en sodoende ook van soveel moontlik privaat, nie-geregistreerde en nie-gesubsideerde kleuterskole te wete te kom. Vir dié doel is 421 selfgedrukte opgaafvorms tesame met 'n verduideliking aan indiwiduele persone versprei oor die vernaamste sentra, stedelik en plattelands, van die land gestuur. Van hierdie vraelyste is 95.4 persent terug ontvang en is daarmee veral die digbewoonste dele van die land gedek. In baie gevalle is bykomstige gegewens met die opgawes saamgestuur. Gegewens uit hierdie vraelyste is, veral t.o.v. stedelike gebiede, met mekaar vergelyk en 'n indeks van kleuterskole en -klasse is opgestel wat weer met die amptelike lyste van die provinsiale departemente geverifieer is en daaruit aangevul is, waarna aparte indekse vir elk van die gesubsideerde, privaat geregistreerde en privaat nie-geregistreerde kleuterskole en -klasse opgestel is.

Die gegewens en bykomstige materiaal wat as antwoorde op die tweede vraelys (vgl. bylae 2 en verder hoofstuk III(1) van hierdie verhandeling vir 'n bespreking daarvan) verkry is, is saamgevat en verwerk. Waar gegewens uit vraelyste aangevul is met ooreenstemmende gegewens uit ander bronne verkry, is dit in die teks aangedui.

## 4. TEKORTKOMINGE IN DIE ONDERSOEK:

Hoewel vier uit vyf departemente van onderwys persoonlik besoek is, is die ondersoeker slegs deur die Departement van Onderwys in die Oranje-Vrystaat toegelaat

om insae te hê in alle gegewens insake kleuteronderwys waaroor daardie departement beskik en die gegewens te gebruik. Uit hierdie bron asook uit die stukke van die Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika is egter heelwat gegewens rakende die ander provinsies bekom. Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap het die ondersoeker vir inligting verwys na die hoofde van die kleuterskoolonderwysersopleidingkolleges te Johannesburg en Barklyhuis en die hoofde van die Huishoudskole te Potchefstroom en George.

Hoewel ook met die aanvanklike opname 'n groot gebied van die land gedek is, word geensins aanspraak daarop gemaak dat die getal kleuterskole en -klasse aangedui in tabel X die volledigste opname van en die enigste getal kleuterskole en -klasse is wat teen die einde van 1961 in die Republiek bestaan het nie.

Daarby moet gereken word dat nie aan al daardie kleuterskole en -klasse vraelyste gestuur is nie en dat slegs 38.6% van die uitgestuurde vraelyste as bruikbare antwoorde terugontvang is. Die beantwoorde vraelyste is ook weer nie t.o.v. elke vraag in die vraelys beantwoord nie. Aangesien slegs van Roomskatoliek-beheerde kleuterklasse geen bruikbare antwoorde ontvang is nie, moet die ontvange antwoorde egter as 'n redelik verteenwoordigende monster van verskillende tipes kleuterskole versprei oor die land beskou word.

Veral dan wat die organisasie van die Suid-Afrikaanse kleuterskool vir blankes betref, sal oorwegende tendense uit die gegewens van 'n beperkte aantal kleuterskole afgelei moet word. Gesien die vormende, rigtende invloed van die Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika, die regulasies van die Provinsiale Onderwysdepartemente en die feit dat die ontvange antwoorde 'n onuitgesoekte monster verteenwoordig, is dit te betwyfel of veral provinsiaal gesubsideerde kleuterskole, waarvan geen vraelyste ontvang is nie, enige ander oorwegende tendense sal toon as wat uit die ontvange vraelyste afgelei is.

Hoewel 'n lywige vraelys opgestel is, word nie daarop aanspraak gemaak dat al die gegewens rakende die organisasie van kleuteronderwys in Suid-Afrika daarmee gedek of bekom is nie. Verskeie vrae is in die finale opstelling van die vraelys weggelaat uit vrees dat vraelyste omrede die lengte daarvan nie beantwoord sou word nie. Desondanks is vraelyste om daardie rede onbeantwoord terug ontvang.

---ooOoo---